

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## GEESTELIKE MISHANDELING (Deel 2)

Deel 1 van “Geestelike Mishandeling” is beskikbaar by: [Apr19.GeestelikeTeistering\(Hersien\)](#)

### Die Taak van die Geestelike Leier.

Lidmate van 'n denominasie of 'n bediening moet verstaan wat die taak van die leier en leierskap is, naamlik: Om die lidmate (gemeente, groeplede, *partners*) na Yeshua dié Gesalfde Een te lei en om hulle te leer hoe om Sy dissipels te wees en in alles aan Hom gehoorsaam en onderdanig te wees. Dit behels dat lidmate tot geestelike selfstandigheid (volwassenheid) gelei en gehelp moet word. Elke lidmaat moet uiteindelik geestelik volwasse wees om onafhanklik te kan funksioneer. Elkeen moet volkome voorbereid en toegerus word vir elke goeie werk (2Tim. 3:16-17) en 'n werker wees wat hom nie hoef te skaam nie, maar die woord van die waarheid ken en reg kan toepas (2Tim. 2:15). Hierdie moet as die voortdurende maatstaf gebruik word waaraan die optrede van die leier, die leierskap en alle aksies binne die gemeente of groep gemeet word.

Indien die leier en leierskap nie hieraan voldoen nie, en dit nie hulle doelwit is nie, bestaan die gevaar van geestelike mishandeling in een of ander vorm. Die rede is dat die lidmate nie geleer word om onafhanklik en selfstandig te kan funksioneer nie, maar eerder om afhanklik van die leier te wees. Dan word die leier die gesag in lidmate of groeplede se lewe en hulle word sy dissipels (volgelingen) in plaas van dissipels van Yeshua. Lidmate en groeplede bereik dan nooit geestelike volwassenheid nie. Hulle word soos kinders wie se ouers hulle nooit geleer het om selfstandig en selfversorgend te kan wees nie, maar om heeldyd van die ouers afhanklik te bly. Hierdie is niks anders as mishandeling nie, want die ouers wil die beheer behou. Soortgelyke situasies bestaan in sommige denominasies, bedieninge en groepe, want die leier of leierskap wil die voortdurende beheer oor die “skaapkuddes” behou.

<sup>19</sup> Gaan daarvolgens, maak studentevolgende van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is

20 en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar.”  
Matt. 28:19-20<sup>1</sup>.

Die opdrag is tog duidelik dat elkeen ‘n dissipel van Yeshua dié Gesalfde Een moet wees. Geestelike leiers is niks anders as ‘n dissipel wat die taak het om mense al die onderrig, instruksies en leerstelling van Yeshua te leer sodat hulle dissipels (geestelike leiers) van dié Gesalfde Een kan word. Dissipels moet dissipels van Yeshua maak – dit is die opdrag. Ware dissipels is geestelike volwasse en selfstandige kinders van יהוה wat onder die gesag van Yeshua dié Gesalfde Een staan. Wanneer hierdie beginsel nie toegepas word nie, word geleentheid geskep vir geestelike mishandeling.

Yeshua is die Woord wat vlees geword het en die Een wie elkeen moet volg; insluitend die leier en die leierskap. Yeshua het gesê: *Kom en volg My*. Met hierdie woorde het Yeshua in werklikheid gesê: *Kom en word soos Ek*. Yeshua het gekom om ons die weg na die Vader te wys en daarom het Hy verklaar:

“Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie.” Joh. 14:6.

Die bedoeling is nie dat ons soos die geestelike leier van die denominasie of bediening moet word en hom moet volg nie. Nee, die geestelike leier se taak is om al die aandag van homself af te haal en dit op Yeshua te vestig. Die leier en die leierskap moet minder word en Yeshua moet meer word (Joh. 3:30).

Hoe meer liefde die leier vir sy gemeente of groeplede het, hoe meer nederig sal hy in alle opsigte word. Liefde en nederigheid is direk met mekaar gekoppel!!

### “The Fear Factor”

Onderliggend tot geestelike mishandeling is dikwels die vrees van die leier vir skeuring binne sy gemeente of bediening. Skeuring beteken verlies aan inkomste en aansien. Dit beteken dat salarisse nie betaal kan word nie en dat daar nie genoeg fondse vir al die projekte is nie. Dit is brood en botter sake. Hierdie vrees dra daar toe by dat die leier die beheer wil behou deur onderlinge verskille en moontlike skeuring ten alle koste te verhoed. Eenheid terwille van finansies word die prioriteit. Dikwels is hierdie vrees dan die oorsaak van geestelike mishandeling van die lidmate en groepslede, veral deur manipulasie.

Hierdie vrees dra ook dikwels by dat die leier almal binne sy groep wil *akkommodeer* en daarom nie bereid is om standpunt in te neem nie, en daarom word enige saak of onderwerp wat aanstoot kan gee of ontevredenheid by lidmate kan veroorsaak, vermy. Die leier se hoofsaak word een van *vure blus* en om almal gelukkig te hou. Dikwels word

---

<sup>1</sup> PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)). Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetsee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

daar dan ‘n *sagte evangelie* verkondig ten koste van die waarheid. Om die waarheid terwille van eenheid te weerhou, en ‘n boodskap te verkondig wat almal graag wil hoor, is geestelike uitbuiting.

Enige lidmaat of groeplid wat die leerstellings van die leier bevraagteken, word ‘n bedreiging van sy leierskap. So ‘n persoon word dan dikwels daarvan beskuldig dat hy of sy nie bereid is om gesag te aanvaar nie of word beskuldig van rebellie en dwaling. Talle geestelike leiers het ‘n vrees om deur lidmate of groeplede met Skrifuitlegging gekonfronteer te word. Hulle vrees die invloed wat sulke persone op ander binne die groep kan hê. Dan gebruik leiers hulle mag en gesag om die sogenaamde misleides en rebelle uit die gemeente of groep te verstoot. Is sulke leiers regtig bekommerd oor die persoon of eerder oor sy eie aansien, mag en die inkomste wat sy *eie kudde* inbring?

Die leier en die leierskap wil graag gesien word as die *beskermer* van die gemeente of groeplede en wat enige *negatiewe invloede* van buite wil afweer. Daarom word lidmate en groeplede gebreinspoel om te glo dat hulle onder die sogenaamde geestelike dekmantel (*spritual covering*) van die leier of die bediening staan. Volgelinge word dan *gewaarsku* dat om onder hierdie *geestelike beskerming* uit te beweeg, is om jouself van die seëninge te ontnem. Hierdie is manipulasie waarvan die wortel vrees en die begeerte vir mag en gesag is.

### **Wees Waaksaam!**

Dit het tyd geword dat gelowiges in Yeshua as dié Gesalfde Een hulself vra of die denominasie (gemeente, bediening, groep) waaraan hulle behoort, of wie hulle ondersteun, waarlik soos die liggaam van Yeshua funksioneer en of dit nie eerder ‘n mensgemaakte organisasie is nie? Elkeen behoort ook te vra of hulle nie dalk geestelik uitgebuit of misbruik word nie?

Ek herhaal wat in deel 1 van Geestelike Mishandeling geskryf is, naamlik:

**Talle bedieninge (gemeentes, *ministries*) is niks anders as ‘n sakeonderneming waar die *werknemers* (lidmate) nie net bereid is om verniet te werk nie, maar selfs *betaal* (tiendes, offerandes) om in diens van die *onderneming* te wees op grond van die belofte van geestelike beskerming (*spiritual covering*) en oorvloedige seën omrede hulle in *vrugbare grond* saai.**

In sy boek *The Signs of Spiritual Abuse* noem Steven Lambert ondermeer die volgende tekens, simptome en eienskappe wat gepaardgaan met geestelike mishandeling en wat as gevaarligte behoort te dien:

1. Vergoding van die leier en leierskap – goddelike verheffing deur die leier self , asook deur die lidmate of groeplede van die leier en ook van hulself.
2. Absolute en onbetwisbare gesag van leier en leierskap.

3. Misbruik van gesag in persoonlike handelinge met groepslede.
4. Gereelde misbruik van gesag om dissipline te handhaaf.
5. Geen of beperkte rentmeesterskap aan die groep.
6. Kies van onderleiers op grond van onderdanigheid aan hoofleier, of persoonlike vriendskap en verbintenis, asook aansien in die gemeenskap en nie op grond van leierskaphoedanighede, geestelike vlak of Goddelike roeping nie.
7. Vervolgingswaan en gebrek aan sekerheid deur leier en leierskap – voel bedreig.
8. Materialisme, hebsug en selfverryking van leier en leierskap. Geestelike manipulerings deur Skrifgedeeltes uit verband te ruk ten einde inkomste te verseker. Finansiële uitbuiting en finansiële manipulasie van groepslede om fondse te bekom.
9. Groepslede en onderleiers moet ‘n *geestelike verbond* (soms skriftelik) met leier (leierskap) sluit waar trou en finansiële steun aan die gemeente of bediening beloof word.
10. Misbruik van profetiese gawes as metode om te domineer, te intimideer en te manipuleer.
11. Teologiese onbevoegdheid van leierskap, veral ten opsigte van Skrifuitlegging met die doel om sekere vals leerstellings te staaf.
12. Die afwatering, die ontkenning of die vervanging van die ware vyfvoudbediening.
13. Die afwatering, onderdrukking en ontkenning van groepslede se Godgegewe gawe, vermoë en roeping as wyse om onderdanigheid af te dwing of beheer te behou.
14. Spiritualisme en mistisisme tydens byeenkomste en as metode om *in God se teenwoordigheid te kom of openbaringe (geheimnisse) van Hom te ontvang*.
15. Groepslede moet goedkeuring of ‘n ‘getuienis’ van die leier of leierskap ontvang rakende persoonlike sake.
16. Gereelde prediking dat groepslede onder die ‘geestelike beskerming’ van die leier staan en die uitwysing van die ‘gevaar’ om hierdie beskerming prys te gee.
17. Manipulasie en intimidasie deur die onderlinge groepsverbintenis en groepsdoelwitte bo die van persoonlike doelwitte en verhoudings te stel.

18. Isolasië van groep om blootstelling aan ander kerke en bedieninge se siening en invloed te beperk. Voorskriftelik ten opsigte van wat gehoor, gelees en by huiskerke (huisbyeenkomste) verkondig mag word.
19. Vereiste dat groepslede sekere *diensknegtake* moet verrig om hulle nederigheid en onderdanigheid te leer.
20. Aantal groepslede wat bedank en geestelik getraumatiseer is.
21. Gebrek aan geestelike groei by lidmate of groepslede en 'n gebrek aan begrip van wie hulle in Yeshua dié Gesalfde Een is.

<https://www.spiritmindbodyconnection.com/articles--research/33-signs-of-spiritual-abuse-by-dr-steven-lambert>)

Indien een of meer van hierdie tekens en eienskappe aanwesig is in die die groep (denominasie, bediening, huisbyeenkoms) waarvan jy lid is, behoort jy die vraag te vra of jy nie moontlik geestelik mishandel of uitgebuit word nie. Dikwels is dit moeilik om jou werklike situasie te evalueer, want die skeidslyn is baie dun. Jou lojaliteit is egter eerstens teenoor יהוה die Vader en Yeshua dié Gesalfde Een wat die Woord is wat vlees geword het en dan teenoor die leier en leierskap. Jy self moet sorgdra dat jy nie geestelik uitgebuit of mishandel word nie.

### **Elkeen is Self Verantwoordelik.**

Elkeen is verantwoordelik vir eie persoonlike geestelike groei en om tot geestelike volwassenheid te kom. In die proses moet gebruik gemaak word van verskillende bronne en hulpmiddels en nie totaal van die leier afhanklik wees nie. Dit vereis om self die Skrifte te ondersoek en om op die Afgesonderde (Heilige) Gees te vertrou vir lering en leiding. Soos die mense van Beréa moet elkeen ook die Skrifte ondersoek om seker te maak dat dit wat gehoor, gesien en ervaar word die waarheid is (Hand. 17:11).

<sup>16</sup> Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid

<sup>17</sup> sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.  
2 Tim. 3:16-17.

Laat niemand julle met leë woorde mislei nie, want daardeur kom die woede van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid. Efes. 5:6.

*Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom,  
Johan.

**E-pos:** [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

**Webwerf:** <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

GB8.Jul11